# ‘n Gebed vir ander en vir onsself

**11 Julie 2010**

AGTERGROND: Paulus skryf hierdie brief tussen 61- 63 n C aan die gemeente te Kolosse in die huidige Turkye. Hy was self nog nie daar nie. Die gemeente is waarskynlik deur Epafras, een van sy studente, gestig. Epafras het vir Paulus in die tronk, vermoedelik in Rome, kom besoek en vertel wat in die gemeente aangaan. Daar was goeie en slegte nuus. Die slegte nuus was die bedrywighede van dwaalleraars. Daar is bv aan die gemeente gesê dat Jesus net een van baie maniere is om by God uit te kom. Geeste en sulke dinge kan ‘n mens ook help. Hulle moet baie peins, net sekere kos eet en sekere baie streng reëls hou as deel van hulle godsdiens.
Lees Kol 1:3-14

1. <u>Fokus weg van jouself en dank die Here vir ander se geloof en liefde</u> (1:3-8)
Gemeente, Paulus stel vir ons ‘n baie **goeie voorbeeld**. Onthou, hy skryf hierdie brief uit die *gevangenis*. Hy het volgens ons menslike standaarde het hy <u>alle rede</u> om *mismoedig en ontevrede* te wees, om te *kla* oor die onreg wat hy moet ly, homself te *bejammer* en hom oor sy eie lot te *bekommer*. Die <u>teendeel</u> is egter waar. Hy kla glad nie, fokus nie op sy eie treurige lot nie. Hy <u>begin</u> sy brief deur te vertel **hoe dankbaar** hy teenoor die Here is vir hulle.
1.1 Wat is die <u>beste nuus</u> wat jy van mense kan kry: Dat hulle goeie gesondheid geniet, hul eksamen geslaag het, ‘n kompetisie gewen het? *Paulus* dank die Here omdat hy gehoor het van die mense in Kolosse se *“**geloof** in Christus Jesus”*. ‘n Mens kan nie beter nuus kry as dit nie! Gestel een van die **Hollandse besoekers** kom hier tot bekering, sal dit selfs beter nuus wees as dat hulle span die sokker vandag wen (stem julle saam?) Watter beter nuus is daar vir ‘n **gelowige ouer** as om te hoor dat hul kind die Here aangeneem het en Hom ywerig dien. Ja, ons kan die Here nooit genoeg dank vir ander mense wat ook in Hom glo nie - vir elkeen in hierdie gemeente, in ons land en in die wêreld.
1.2 ‘n **Tweede ding** waarvoor hy die Here dank, is hul *“**liefde** vir al die gelowiges”*. *“Waar daar liefde is,”* sing ons, *“daar is die Heer”*. Psalmis: *“Hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon!”* (Ps 133:1) Is dit nie lekker nie om vir ander wat vra hoe gaan dit daar in julle gemeente te kan antwoord: Hier is nog baie wat in Jesus Christus glo en ons leef in liefde saam! En dit is gelukkig die waarheid.
1.3 Maar behalwe geloof en liefde, het hierdie gemeente ook ***hoop*** gehad. Hierdie hoop was die gevolg van die **suiwere evangelie** wat deur Epafras aan hulle verkondig is. Die waarheid van hierdie evangelie *staan teenoor*

die valse godsdiens. <u>Ons kan ook</u> maar die Here gereeld dank vir die suiwere evangelie, want dit gee vir ons ook hoop op **'n erfenis** wat in die hemel vir ons bewaar word. Dit maak 'n **groot verskil** of 'n mens hoopvol of sonder hoop leef. **Hoe sleg** is dit nie om te hoor iemand het alle hoop laat vaar, het hoop opgegee nie! Sulke mense pleeg dikwels *selfmoord* omdat hulle nie sonder hoop kan lewe nie. Dit is hoop wat 'n mens *laat uithou en aanhou.* Die Kolossense het dit nie aldag maklik gehad nie, maar hulle het hoop gehad en daaroor is Paulus so dankbaar. Christene het dit nie altyd maklik nie, maar ons het altyd rede om te bly hoop. **Stanley Jones**: *"Ek het altyd hoop. Al weet ek nie wat die toekoms inhou nie; weet ek in Wie se hande die toekoms is."*

1.4 Behalwe vir geloof, liefde en hoop, dank Paulus die Here ook vir die **vrug** wat die evangelie in hul lewe voortbring vandat hulle *"van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is."* Wie God se genade **reg verstaan**, sal weet dat jy nie gered word DEUR goeie dade nie, maar TOT goeie dade. Genade **dra vrug** en so word die evangelie verder en verder versprei. En die vrug het nie in hul lewens ontbreek nie.

Gemeente, ook **in hierdie gemeente** praat en preek ons baie oor die **genade** van God, nie waar nie. Ek dink nie iemand wat gereeld ons eredienste bywoon kan nog dink dat 'n mens op grond van jou goeie werke gered word nie. Ons het verlede Sondag by die doop nog die voorbeeld van die OMO gebruik. Maar ek dank die Here dat dit ook nie vir my lyk asof hier mense is wat dink dat **goeie dade** nie *ook belangrik* is vir 'n christen nie. Ons het mos laas Sondag ook gehoor dat ons nie moet moeg word om goed te doen nie (Gal 6:9). U kan die Here ook saam met my dank vir die vrug wat Sy genade in hierdie gemeente voortbring.

**Paulus begin dus sy brief met 'n dankgebed**. Dit is opvallend dat hy nie vir HULLE bedank nie. Hy dank God vir hulle. In vers 8 verwys hy ook spesifiek daarna dat die liefde deur <u>die Gees</u> in hulle gewek is. Wat hulle doen en al hul goeie hoedanighede is nog steeds te danke aan God se genade.
Daarom gaan hy ook nie verder deur vir hulle 'n **motiveringspraatjie** te lewer nie. Hy doen 'n gebed vir hulle.

2. <u>Fokus weg van jouself en pleit by die Here vir ander (:9-11)</u>
Hy gee nog steeds nie toe aan selfbejammering oor sy eie omstandighede nie. Hy doen voorbidding by die Here om die *gemeente se onthalwe*. *"Dra mekaar se laste"* het ons verlede week gehoor (Gal 6). Een van die **maniere** om dit te doen is natuurlik om vir mekaar te bid. Bid ons gereeld vir die gemeente? En wat bid ons? Ons kan baie by Paulus leer.

2.1 Hy bid eerstens dat die Here aan hulle **geestelike onderskeidingsvermoë** sal gee. Dat die Helige Gees aan hulle die *wysheid en die insig* sal gee om tot die **volle kennis van God se wil** te kan kom. Waarom is dit so belangrik? Dit gaan nie om *kennis ter wille van kennis*, of *ter wille van* ‘n *graad* in godsgeleerdheid nie. Die kennis van God se wil is sodat hulle dit kan DOEN. Dit is wanneer hulle God se wil *doen*, dat hulle **tot Sy eer** lewe en aan hul doel as mense beantwoord: (lees vers 10).
Gemeente, dit is ‘n gebed wat ons maar **gereeld vir die gemeente** kan bid. Om **suksesvol** te wees, hoef ons nie in die eerste plek kennis te hê van die ekonomie of sosiologie of sielkunde of watookal anders nie, maar *kennis van God se wil is ‘n moet*. En daardie kennis moet ons dan *toepas* op ons daaglikse lewe. Dan sal ons **goeie vrugte** voortbring tot eer van Hom wat die gemeente hier geplant het.
Kom ons **maak ‘n punt daarvan** om gereeld soos ‘n Paulus hierdie gebed vir Constantiagemeente te bid. Ons beplan juis ‘n **Luistersessie** aanstaande Sondagmiddag waar ons saam wil hoor wat die Here se wil vir ons op die pad vorentoe is. Kan en moet ons maar aangaan op die pad waarop ons nou is, al word die gemeente al kleiner soos wat die Afrikaanssprekendes al minder word, of wat is God se wil vir ons? Dit lyk op die oomblik dat as ons op hierdie pad voortgaan, dit al hoe moeiliker gaan word om as gemeente te bly voortbestaan. Maar soos wat **Einstein** gesê het: *“In the midst of difficulty lies opportunity”*
2.2 God belowe nêrens dat dit ‘n **maklike pad** is om Sy wil te volg nie. Die feit dat Paulus juis om daardie rede ‘n gevangene in Rome is, is ‘n toonbeeld daarvan. Daarom bid Paulus nie net dat God hulle kennis sal gee nie, maar ook **krag**. Hierdie krag sal nodig wees sodat hulle onder alle omstandighede *met geduld sal volhard.*
Die woord vir geduld in Grieks beteken om wanneer jy weerstand /provokasie/ vervolging teenkom, jy nie die *natuurlike reaksie* van bitterheid en wraak openbaar nie, maar Christus se *gebedshouding en vergewensgesindheid.* Dink bv aan sy gebed aan die kruis: *“Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!”*
Die woord vir volharding is weer dieselfde as die woord in Hebr 12:1 wat ‘n atleet aandui wat ten spyte van moeilike uitdagings en ontberings met volharding hardloop om sy doel te bereik.
Ook hierdie gebed is in **ons tyd** nie minder belangrik nie. Ons loop dalk nie die gevaar van tronkstraf ter wille van ons geloof nie, maar ons geloof word tog op baie ander maniere *aangeval en beproef*. Ons kan seker almal aan **voorbeelde** dink van lidmate wat verbitter geraak het, wat moed opgegee het, wie se geduld opgeraak het, wat soos ‘n onfikse atleet kortasem geraak het.

Ons moet maar gedurig vir mekaar bid dat ons die goeie stryd **enduit** sal stry.

3. Dank die Here saam, met blydskap vir ons verlossing uit genade (:12-14)
Derdens roep Paulus sy gelowige lesers op **tot blydskap en dankbaarheid.** Sy fokus is steeds weg van sy eie gevangenskap af. Wat 'n mens se omstandighede ookal is, as gelowige kan jy nog altyd bly en dankbaar wees. Rede? (lees :12) Ons **kwalifiseer** vir 'n wonderlike erfenis! Hoe het God ons sondaars daarvoor laat kwalifiseer, daarvoor *geskik gemaak*? (lees :13,14).

Wyle prof Willie Jonker: "Die eerste gebedjie wat my moeder my geleer het, was eintlik geen gebed in die gewone sin van die woord nie. Dit was eenvoudig 1 Johannes 1:7 volgens die Nederlandse vertaling: *Het bloed van Jesus Christus reinigt mij van alle zonden*. As ek as voorskoolse kleuter soggens in die kombuis opdaag vir 'n bietjie koffie, het sy gevra: "Het jy al 'het bloed' gesê?" As dit nie die geval was nie, moes ek terug om by die bed te gaan kniel om dit uit te spreek. Eers later het ek die sin daarvan verstaan: die volle objektiwiteit van die heil, ons posisie in Christus – daaruit moet ons lewe; daarmee moes ek my dag ingaan. Niemand van ons kan iets beters as dit doen nie".

Ons gelowiges kan ons **elke dag begin** met die wete dat vers 13 en 14 ook van ons waar is: *God het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes!*

Broers en susters, sal ons nie Paulus se voorbeeld volg en sy gebed vir die Kolossense gereeld vir Constantiagemeente bid nie?

Amen
11/7/10